

## Om sonde te oorkom




---

**SABBATMIDDAG**
**Leesverwysings vir hierdie week se les:**

Romeine 6; 1 Johannes 1:8–2:1.

**Geheueteks:**

“Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade.” (Rom. 6:14)

**A**s werke ons dan nie kan red nie, hoekom nog daarmee behep wees? Hoekom hou ons nie net aan sondig nie? Hoofstuk 6 is Paulus se antwoord op hierdie belangrike vraag. In hierdie hoofstuk hanteer Paulus dit wat bekend staan as “heiligmaking”, die proses waarby ons sonde oorwin en meer en meer Christus se karakter weerspieël. Die woord heiligmaking verskyn net tweekeer in Romeine, nl. in Romeine 6:19 en in vers 22. Die Grieks vir hierdie woord is *hagiasmos*, wat die handeling van om heilig te maak, beskryf. In die King James vertaling word die woord “heiligheid” (“*holiness*”) in hierdie twee teksverse gebruik. Beteken dit dat Paulus niks te sê het oor wat as heiligmaking verstaan word nie? Glad nie. In die Bybel beteken “om heilig te maak”, gewoonlik “om aan God toe te wy”. Daarom, om heilig gemaak te word, word dikwels as ‘n voltooid handeling (in die verlede gedoen) aanvaar. Byvoorbeeld, sien die sinsnede “al die geheiligdes” in Handeling 20:32. Die geheiligdes hier is almal wat aan God behoort. Maar hierdie Bybelse gebruik van “heiligmaking” ontken geensins die belangrike leerstelling van heiligmaking, of die feit dat heiligmaking die werk van ‘n leeftyd is, nie. Die Bybel onderskryf en bevestig hierdie leerstelling, maar gebruik oor die algemeen ander terme om dit te beskryf. Hierdie week kyk ons na die keersy van verlossing deur geloof, een wat maklik verkeerd verstaan kan word: die beloftes van oorwinning oor sonde in die lewe van iemand wat deur Jesus verlos is.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 18 November.*

## Waar sonde meer geword het

In Romeine 5:20 maak Paulus ‘n kragtige verklaring: “en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword;” Sy punt is dat dit nie saak maak hoeveel sonde daar is of hoe verskriklik die gevolge van sonde is nie, God se genade is voldoende om dit te hanteer. Hoeveel hoop behoort dit nie vir ons in te hou nie, veral wanneer ons versoek word om te voel dat ons sondes te groot is om vergewe te word! In Romeine 5:21 wys Paulus daarop dat alhoewel sonde die dood tot gevolg gehad het, God se genade deur Jesus die dood oorwin het en aan ons die ewige lewe kan gee.

**Lees Romeine 6:1. Hoe logies redeneer Paulus hier en hoe reageer hy in Romeine 6:2-11 op hierdie soort denke?**

---

---

Paulus se redenasie in Hoofstuk 6 oor hoekom ‘n geregverdigde persoon nie behoort te sondig nie, is baie interessant. Om mee te begin, sê hy dat ons nie behoort te sondig nie, want ons het die sonde afgesterf. Dan verduidelik hy wat dit beteken. Onderdompeling in die water tydens die doopplegtigheid stel voor om begrawe te word. Wat word begrawe? Die “oue mens” van sonde — d.w.s., die liggaam wat die sonde pleeg, die liggaam wat deur die sonde oorheers was. Die gevolg is dat hierdie “liggaam van die sonde” tot niet gemaak is sodat ons nie langer die sonde dien nie. In Romeine 6 word sonde verpersoonlik as ‘n heerser wat oor sy slawe heers. As die “liggaam van die sonde” wat die sonde gedien het tot niet gemaak is, word sonde se heerskappy gestaak. Die persoon wat uit die watergraf opkom, is ‘n nuwe persoon wat nie langer die sonde dien nie. Hy of sy leef nou ‘n nuwe lewe.

Christus, wat gesterf het, het net eenmaal en vir altyd gesterf, maar Hy lewe nou vir ewig. So sterf die Christen wat gedoop word net eenmaal en vir altyd, en behoort nooit weer deur sonde beheer te word nie. Natuurlik, soos enige gedoopte Christen weet, verdwyn sonde nie net outomaties uit ons lewens nadat ons gedoop is nie. Deur nie deur sonde beheer te word nie, beteken nie om nie daarmee te worstel nie. “Hier sien ons duidelik wat die woorde van die Apostel beteken. Alle verklarings soos: 1. ‘dat julle wel vir die sonde dood is,’ 2. ‘maar lewend is vir God,’ ens., dui aan dat ons nie oorgee aan ons sondige neigings en aan sonde nie, alhoewel sonde nog teenwoordig is in ons. Ewenwel, sonde is deel van ons totdat ons sterf, soos wat Galásiërs 5:17 aandui: ‘want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar . . .’. Daarom erken alle apostels en geheiligdes dat die sonde en die sondige neigings in ons bly totdat die liggaam tot stof terugkeer en ‘n nuwe (verheerlikte) liggaam opgewek word, vry van verkeerde hartstog en sonde.” — Martin Luther, *Commentary on Romans*, bl. 100, (vrye vertaling).

## Wanneer sonde heers

**Watter vermaning word aan ons in Romeine 6:12 gegee?**

---

---

---

Die woord *heers* dui aan dat “sonde” hier as ‘n koning voorgestel word. Die Grieks wat hier as “heers” vertaal word, beteken letterlik “om koning te wees” of “om as ‘n koning te funksioneer”. Sonde is maar al te gewillig om as koning oor ons sterflike liggame te heers, en ons gedrag te bepaal. Wanneer Paulus sê: “Laat die sonde . . . nie heers nie”, insinueer hy dat die geregverdigde persoon kan kies om te voorkom dat sonde koning kraai in sy of haar lewe. Dit is wanneer die wil in werking tree. “Wat u nodig het, is om die ware krag van die wil te besef. Dit is die heersende krag in die hart van die mens; dit laat hom besluit en kies. Alles hang af van die regte gebruik van die wil. God het aan alle mense die vermoë gegee om te kies; hulle moet daardie krag beoefen. U kan u hart nie verander nie, u kan God nie uit u eie liefhê nie; maar u kan kies om Hom te dien. U kan u wil aan Hom onderwerp; Hy sal dan in u werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae. Op hierdie manier sal u hele natuur onder die beheer van die Gees van Christus kom; u liefde sal in Hom sy middelpunt vind en u gedagtes sal in ooreenstemming met Hom wees.” — Ellen G. White, *Skrede na Christus*, bl. 46-47.

Die Griekse woord in Romeine 6:12 wat as “begeerlikhede” (“*lusts*” in die Engels) vertaal word, beteken “om sterk te begeer”. Hierdie begeertes kan vir slegte of goeie dinge wees; wanneer sonde heers, sal dit wat ons begeer, sleg wees. Die begeertes sal sterk wees, selfs onweerstaanbaar as ons op ons eie daarteen veg. Sonde kan ‘n wrede tiran wees wat nooit tevrede is nie, maar altyd terugkom vir nog. Net deur geloof, net deur die beloftes van oorwinning vir onself toe te eien, kan ons hierdie onverbiddelike heerser oorwin. Die woord “dan” in Romeine 6:12 is belangrik. Dit verwys terug na wat vooraf gesê was, spesifiek na Romeine 6:10 en 11. Die gedoopte persoon leef nou “vir God”. Dit wil sê, God is die middelpunt van sy of haar nuwe lewe. Die persoon dien nou vir God, en doen wat God wil hê, en daarom kan hy of sy nie sonde terselfdertyd dien nie. Hy of sy is “lewend vir God in Christus Jesus, onse Here”.

**Lees weer die aanhaling van Ellen G. White in vandag se studiegedeelte. Let op hoe baie belangrik die konsep van die vrye wil is. As morele wesens moet ons ‘n vrye wil hê – die mag om tussen reg en verkeerd te kies, tussen goed en kwaad, tussen Christus of die wêreld. Probeer om gedurende die volgende 24 uur bewus te wees van hoe jy hierdie morele vrye wil gebruik. Wat kan jy leer oor jou gebruik of misbruik van hierdie heilige gawe?**

## Nie onder die wet nie, maar onder die genade

**Lees Romeine Romeine 6:14. Hoe moet ons hierdie teksvers verstaan? Beteken dit dat die Tien Gebooie nie meer langer bindend vir ons is nie? Indien nie, hoekom nie?**

---

Romeine 6:14 is een van die sleutelverklarings in die boek van Romeine. En dis een wat dikwels aangehaal word in die konteks van iemand wat aan ons as Adventiste sê dat die Sewendedag-sabbat afgeskaf is. Tog is dit vanselfsprekend nie wat die vers beteken nie. Soos wat ons voorheen gevra het, hoe kan die sedewet mee weggedoen wees en sonde nog steeds ‘n werklikheid wees? Want dit is die sedewet wat sonde definieer! Indien jy alles in ag sou neem wat reeds in Romeine geskryf is, selfs net Hoofstuk 6, sou dit moeilik wees om te verstaan hoe, te midde van die hele bespreking oor die werklikheid van sonde, Paulus skielik sal sê, “Die morele wet – die Tien Gebooie, wat sonde definieer – was tot niet verklaar”. Dit maak nie sin nie.

Paulus sê aan die Romeine dat die persoon wat “onder die wet” leef – d.w.s., onder die Joodse sisteem soos wat dit gedurende sy tyd toegepas was met al die mensgemaakte reëls en regulasies – deur sonde beheer sal word. In teenstelling hiermee sal die persoon wat onder genade leef, sonde oorwin, want die wet is op sy of haar hart geskryf en God se Gees word toegelaat om sy of haar wandel te lei. Deur Jesus Christus as die Messias te aanvaar, deur Hom geregverdig te word, met Sy dood gedoop te word, die “oue mens” tot niet te laat verklaar en op te staan om die nuwe lewe te leef – is hierdie die dinge wat sonde sal onttron in ons lewens. Onthou, dit is die konteks van Romeine 6:14 — die konteks van die belofte van oorwinning oor sonde.

Ons behoort nie die begrip “onder die wet” te beperkend te definieer nie. Die persoon wat skynbaar “onder die wet” lewe maar God se wet nie gehoorsaam nie, sal nie genade ondervind nie, maar veroordeling. “Onder genade” beteken dat die genade van God soos deur Jesus geopenbaar word, die veroordeling van die wet wat sondaars onvermydelik ondervind, mee wegdoen. Daarom, nou dat ons vry is van die veroordeling van die dood wat deur die wet vereis word, leef ons ‘n “nuwe lewe”, ‘n lewe wat gekenmerk en geopenbaar word deur die feit dat die self in ons dood is, en nie meer langer slawe van die sonde is nie.

**Hoe het jy die werklikheid van ‘n nuwe lewe in Christus ondervind? Watter tasbare bewyse kan jy aandui van wat Christus in jou gedoen het? Wat is daar wat jy weier om te laat gaan, en hoekom moet jy dit laat gaan?**

## Sonde of Gehoorsaamheid?

**Lees Romeine 6:16. Wat sê Paulus hier? Hoekom is sy argument so stewig hier? Dit is óf die een, óf die ander, niks tussenin nie. Watter les behoort ons uit hierdie baie duidelike kontras te leer?**

---

---

Paulus herhaal dat die nuwe geloofslewe jou nie vrystel om weer te sondig nie. Dit gee oorwinning oor sonde; feit is dat ons net deur geloof die oorwinning kan verkry wat aan ons belowe is. Nadat hy sonde as ‘n koning gepersonifiseer het wat oor sy onderdane heers, verwys Paulus weer na sonde as ‘n huisheer wat gehoorsaamheid van sy diensknegte eis. Paulus wys daarop dat ‘n persoon ‘n keuse het wie hy wil dien. Hy kan sonde dien wat na die dood lei, of hy kan geregtigheid dien wat na die ewige lewe lei. Paulus laat ons nie op die draad sit nie, of hy laat geen ruimte vir kompromie nie. Dis óf die een, óf die ander, want op die ou einde kom ons of voor die ewige lewe of voor die ewige dood te staan.

**Lees Romeine 6:17. Hoe brei Paulus uit op wat hy in Romeine 6:16 gesê het?**

---

---

Dis baie interessant om daarna op te let hoe gehoorsaamheid aan korrekte leerstelling gekoppel word. Die Griekse woord vir “leerstelling” hier beteken “om te onderrig”. Die Romeinse Christene het onderrig ontvang in die beginsels van die Christelike geloof, wat hulle toe ook gehoorsaam het. Dus, vir Paulus het korrekte leerstelling, korrekte onderrig, wat getrou “van harte” nagevolg was, daartoe bygedra om die Romeine “diensbaar aan die geregtigheid” te maak (*Rom. 6:18*). Ons hoor soms dat leerstelling nie belangrik is nie, solank ons liefde bewys. Dit is ‘n baie simplistiese uitdrukking van iets wat nie so eenvoudig is nie. Soos in ‘n vroeëre les vermeld was, was Paulus baie besorgd oor die valse leerstelling waaraan die kerk van die Galásiërs toegegee het. Ons moet dus versigtig wees oor verklarings wat die belangrikheid van korrekte lering beklad.

**Diensknegte van sonde, diensknegte van geregtigheid: die kontras is baie strak. As ons nadat ons gedoop is, sondig, beteken dit dan dat ons nie regtig gered is nie? Lees I Johannes 1:8–2:1. Hoe help hierdie Skrifgedeelte ons om te verstaan wat dit beteken om ‘n volgeling van Christus te wees en tog nog aan sonde onderhewig te wees?**

## Vry van Sonde

**Met wat ons sover in Romeine 6 bestudeer het in gedagte, lees Romeine 6:19-23. Gebruik die lyne hieronder en som die hoofsaak van wat Paulus gesê het, op. Wat meer belangrik is, vra jouself hoe jy die kernwaarhede wat deur Paulus aangespreek is, ‘n werklikheid in jou lewe kan maak. Vra jouself watter kwessies hier op die spel is?**

---

---

---

Paulus se woorde wys hier dat hy ten volle die gevalle natuur van die mensdom verstaan. Hy praat oor die “swakheid van julle vlees”. Die Griekse woord verwys ook na “swakheid”. Paulus weet waartoe die gevalle menslike natuur in staat is wanneer dit aan homself oorgelaat word. Hy doen dus weer ‘n beroep op die mag van keuse – die mag wat ons het om te kies om onself en ons swak vlees aan ‘n nuwe heerser, Jesus, oor te gee, wat ons in staat sal stel om ‘n regverdige lewe te leef.

Romeine 6:23 word dikwels aangehaal om aan te dui dat die straf vir sonde – d.w.s., vir die oortreding van die wet – die dood is. Die straf vir sonde is ongetwyfeld die dood. Maar behalwe dat sonde tot die dood lei, moet ons sonde ook sien soos wat Paulus dit in Romeine 6 beskryf – die huisheer wat sy diensknegte oorheers, mislei en hulle met die loon van die dood betaal.

Let ook op dat in die proses om ‘n beeld van die twee heersers oor te dra, Paulus die aandag vestig op die feit dat deur een heerser te dien, dit beteken dat jy vry is van diens aan die ander heerser. Weer sien ons die duidelike keuse: een of the ander. Daar is geen middeweg nie. Terselfdertyd, soos ons almal weet, deur vry van die oorheersing van sonde te wees, beteken nie dat jy sondeloos is nie, en nie dat ons nie worstel en met tye selfs in sonde val nie. Dit beteken derhalwe dat ons nie langer oorheers word deur sonde nie, al bly dit ‘n werklikheid in ons lewe en al eien ons daaglik die beloftes vir oorwinning oor sonde, vir ons toe.

Hierdie Skrifgedeelte is dus ‘n kragtige beroep op enigeen wat die sonde dien. Hierdie tiran bied niks anders as die dood aan om vir al die skandelige dinge wat gedoen word, te betaal nie; daarom behoort ‘n verstandige persoon vrymaking van hierdie tiran te begeer. In teenstelling hiermee, doen diegene wat geregtigheid dien, dinge wat eerlik en lofwardig is, nie met die idee dat verlossing daardeur verdien kan word nie, maar dat dit die vrugte van hulle nuwe ondervinding is. As hulle dit doen in ‘n poging om verlossing te verdien, begryp hulle nie waaroor die evangelie gaan nie en wat verlossing eintlik is nie, en waarom hulle Jesus nodig het nie.

## Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Die Oorwinning Toegeëien,” bl. 105-106, in *Dink aan jou Skepper*; “Die Ware Motief vir Diens,” bl. 59-60, in *Die Meester se Onsterflike Rede*; “Appeal to the Young,” bl. 365, in *Testimonies for the Church*, vol. 3; bl. 1074-1075, in *The SDA Bible Commentary*, vol. 6. “Hy het nie tot sonde ingestem nie. Hy het nie eens deur ‘n gedagte aan die versoeking toegegee nie. So kan ons ook wees. Christus se mensheid is met Sy Godheid verenig; Hy is vir die stryd toegerus deur die inwoning van die Heilige Gees. En Hy het gekom om ons deelgenote te maak van die Goddelike natuur. So lank ons met Hom verenig is deur die geloof, heers die sonde nie meer oor ons nie. God reik na die hand van ons geloof om dit te rig om vas te hou aan die Godheid van Christus, sodat ons ‘n volmaakte karakter kan bereik.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 94-95.

“Deur ons doop het ons plegtig belowe om alle bande met die Satan en sy werktuie te verbreek en om met ons hart en verstand en liggaam te werk om die koninkryk van God uit te brei . . . Die Vader, die Seun, en die Heilige Gees is daartoe verbind om met die geheiligde menslike werktuie saam te werk.” — Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 1075, (vrye vertaling). “‘n Belydenis van Christenskap sonder die ooreenstemmende geloof en werke sal tot geen nut wees nie. Niemand kan twee here dien nie. Die kinders van die bose een is hulle eie heerser se diensknegte; Aan wie hulle hulself as diensknegte beskikbaar stel, sy diensknegte is hulle, en hulle kan nie God se diensknegte wees totdat hulle die duiwel en al sy werke verwerp nie. Dit kan nie vir die diensknegte van die hemelse Koning skadeloos wees om betrokke te raak by die genietinge en vermaaklikhede van Satan se diensknegte nie, al word dit dikwels herhaal dat sulke vermaaklikhede skadeloos is nie. God het gewyde en heilige waarhede geopenbaar om Sy volgelinge van die goddelose te skei en hulle vir Homself te reinig. Sewendedag-Adventiste behoort hulle geloof te leef.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 1, bl. 404, (vrye vertaling).

## Vrae vir bespreking:

1. Alhoewel ons al hierdie wonderlike beloftes van oorwinning oor sonde het, is dit ‘n feit dat ons almal – selfs wedergebore Christene – bewus is van net hoe gevalle ons is, of hoe sondig ons is, en hoe korrup ons harte kan wees. Is daar ‘n teenstrydigheid hier? Verduidelik jou antwoord.
2. Getuig in die klas oor wat Christus vir jou gedoen het, oor die veranderinge wat jy ondervind het, en oor die nuwe lewe wat jy in Hom leef.
3. Hoe belangrik dit ook vir ons is om te onthou dat ons verlossing net op dit wat Christus vir ons gedoen het, berus, watter gevare ontstaan daar as ons hierdie wonderlike waarheid oorbeklemtoon met die uitsluiting van die ander deel van verlossing: dit wat Jesus in ons doen om ons na Sy beeld te verander? Hoekom is dit nodig om beide hierdie aspekte van verlossing te verstaan?

